


Parashat Chayei Sarah

Sarah se lewe - חיי שרה



SARAH (Gen 23:1 - 25:18)



Sarah (**Edelvrou**) sterf op die ouderdom van 127 jaar. Sy is die enigste vrou in die Bybel wat se ouderdom, dood en begrafnis genoem word. Eer word aan hierdie merkwaardige vrou bewys. Isak (**Lag**) moes nou omtrent 37 jaar oud gewees het. Volgens die Artscroll English Tanach word die dood van Sarah as volg beskryf:

Die wyses leer dat die verhale van Sarah se dood en die Akeidah mekaar volg om aan te dui dat sy as gevolg van die gebeurtenis gesterf het. Deur die Satan vertel dat Abraham Isak eintlik geslag het, het

sy in droefheid uitgeroep en gesterf. (Targum Yonasan) Dit verklaar waarom Abraham en Isak nie by haar dood teenwoordig was nie.

Hoe sou ons die afsterwe van 'n geliefde sien? Die doel van die begrafnis is nie om van die lyk ontslae te raak nie, maar begrafnis is die begin van die rekreasieproses. Die begrafnisproses herbind die mens na sy bron sodat hy herskep kan word en op 'n volmaakte wyse na vore kom wat deur sy optrede bepaal word toe hy gelewe het. 'n Liggaam wat nie van hierdie wêreld is nie, maar bestem vir die hemel of die hel. Die Hebreeuse woord vir die graf is "kever" wat ook die Talmoediese term vir die baarmoeder is. Die graf verteenwoordig die begin van die ewige lewe op dieselfde manier as die baarmoeder die tuiste is van 'n nuwe kind.

In hierdie hoofstuk is ook die gebruike van 'n besigheidstransaksie. Abraham moet nou eers familie verantwoordelikhede uitsorteer en dit is om 'n graf te bekom vir sy geliefde. In vers 10 lees ons van hierdie besigheidstransaksie. Daar is getuies. Hul buig voor mekaar. Mense van die "Poort", wat beteken dit is die mense wat sake oplos en besluite neem, amper soos 'n raad. In vers 15 noem Efron (**Gepoeier**) die prys, en sy hele optrede wys dat hy dit nie regtig wou weggee nie. Sy hele houding spreek van verwaandheid en hy het ook 'n baie hoë prys geëis vir die stuk grond.

Iets wat baie opmerklik is van Abraham, is dat hy by niemand as 'n "bedelaar" opgetree het nie. In Genesis 14:22-24 het Abraham die geleentheid gehad om te kon neem en homself te verryk, maar dit het nie gebeur nie. Hy het sy hand opgesteek, wat beteken het dat hy 'n eed gedoen het, dat hy niks sal vat nie. Dan weer hier in hoofstuk 23, het Abraham aangedring op 'n prys op die grond volgens waarde in daardie tyd. Dit was nie sommer 'n goedkoop stuk grond nie. Dit was ook 'n baie "groot" prys wat Efron gevra het. Abraham was 'n man van integriteit en beslis nie God se bedelaar nie. Hy het die belofte van verbond verstaan en geken. Die krag daarvan verstaan en die wettigheid daarvan, die wat Abraham wel geseën het, was uit respek en vrees vir Adonai, die God van Abraham. Selfs in Handeling 7:16 was dit duidelik gemaak dat Abraham die grond "gekoop" het.

Let wel, dat Judas se deur vir Satan om hom te gebruik was geld. Sy hand was in die geldsak. Hy het homself gehelp. Later het hy die Messiah verrai vir geld wat op die einde sy lewe geëis het. Hoeveel verrai vandag nog die Messiah vir geld. Bring boodskappe wat die beursies van mense oopmaak. God word openlik 'n "**handelaar**" gemaak deur boodskappe as jy 'n bedrag nou gee, dan sal jy binne 'n week of so "x" bedrag kry. Dit is 'n skande en maak die evangelie goedkoop. Party is weer "nederig" soos Efron, maar hul hart is nie regtig opreg nie.

Handeling 8:18-24 Simon sien die gawes wat opereer en bied "GELD" aan daarvoor. Let wel dat vers 13 sê dat hy gelowig geword het en gedoop is. Petrus het hom skerp aangespreek en gesê "jou hart is nie reg voor God nie" In vers 22 noem hy dit 'n BOOSHEID. Dit is ook dieselfde vir elkeen wat dink hul kan bedienaars regeer met hul geld of 'n plek koop in die kerk of aansien verwerf deur hul tiendes en offergawes. Vir diesulkes geld Hand 8:20.

Sien ook Handeling 24:26. Ons noem dit sommer omkoperij. Die bybel praat geensins dat Paulus hiervoor geval het nie. Hand 4:32 - 5:11 Ananias en sy vrou wou "IN" wees deur ook grond te verkoop en die geld te bring, maar hulle het net nie kans gesien om die hele som soos die ander te bring nie. Dus het hul die geld gebring onder die "voorneme" dat dit die hele som was. Petrus meld in Hand 5:3 dat dit van satan was en hul vir die Heilige Gees gelieg het. Niemand het hierdie mense gedwing om

dit te doen nie. Dit was 'n vrye keuse. Tog hul gesug na “posisie” en ook om in te wees, het hul hierna gedryf maar hul harte was verkeerd en dit het hul lewe gekos net soos in die geval van Judas.

Die koning van Sodom was uiters boos. Hy het gedink sy besittings kan 'n indruk maak op Abraham, maar dit het niks aan hierdie man van YHWH gedoen nie. Die duiwel bedink die dinge van die mens en een van dit is dat mense dink “geld” definieer hul. Dit werk nie so by God nie! Hy is die teenoorgestelde as die norme en praktyke van hierdie teenswoordige wêreld.

Moet ons dan nou soos arm mense leef? Matt 7:7-12 is baie duidelik dat ons die Vader moet vra wat vir ons die “goeie” dinge sal gee, maar Heb 13:5 veroordeel “die liefde vir geld”, maar gee ook 'n belofte.

Elke leier word getoets aan geld net soos Abraham. As God jou nie eens kan vertrou met geld nie, kan Hy jou vertrou met mense wat Sy hart is?

Ek beveel verder aan die reeks van Pastoor Robert Morris: “The Blessed Life” wat Bybelse finansies uiteen sit met die oog daarop dat ons gee uit liefde, nie gee om te ontvang nie, maar met die regte gesindheid.

Psalm 37:26 - *“Die hele dag ontferm hy hom en leen uit en sy nageslag is 'n seën.”*

Shalom vir u

Venessa Holtzhausen

www.vhministry.net